INLEIDING TOT ‘N VERBONDSVERHOUDING EN DIE MANLIKE GESAG

‘n Vertaling van ‘n artikel deur

Yakov Levi

HOOFSTUK 1

DIE BEGINSEL VAN GELOFTE (EED) EN VERBOND

In hierdie hoofstuk gaan ek die sleutel skrifte uithaal wat die fondasie is vir die hoë standaard en wat die ‘lewensgevaarlike’ beginsels onderstreep van die gesag van ‘n man, in sy hoedanigheid as eggenoot. In hoofstuk 2 gaan ek die sleutel skrifte voorlê wat die hoë standaard en ‘lewensgevaarlike’ beginsels van die huweliksverbond en ook die ontbinding daarvan, onderskryf. Daar is talle ander skrifgedeeltes wat in die taal, die wette en die verhale van die Tanach (Ou Testament) en ook die B’rit Chadasha (Hernieude Testament) in verweef is, wat hierdie fundamentele ‘lewensgevaarlike’ waarhede onderskryf, maar dit val buite die bestek van hierdie inleiding.

Ek wys vir julle die fundamentele beginsels wat nodig is om die man se gesag en ook die belangrikheid van ‘n verbondsverhouding binne die huwelik, te verstaan. Hierdie is nie ‘n lesing oor hoe die man die huishouding in geregtigheid en liefde moet regeer soos ‘n goeie herder nie. Hierdie lesing is vir mans en vroue wat begeer om ‘n begrip te hê van presies hoe El Shaddai (die El van die geeste, die Almagtige Allerhoogste) die Skeppings orde in werking gestel het en presies hoe hierdie Skeppings reëls reflekteer word in die gesagsproses van die manlike eggenoot binne die huweliksverband.

Die Skepping van die Allerhoogste openbaar homself in volkome harmonie wanneer sowel die natuurlike as die geestelike wette eerbiedig en onderhou word. Die Allerhoogste het vir alle dinge ‘n bepaalde aard of ‘n natuur geskape met ‘n dienooreenkomstige rolvervulling. Die orde van die manlike gesag word georkestreer binne die Skepping. Wanneer die objek se geskape aard of natuur en rolvervulling uit verband geruk, gewysig of aangepas of omgekeer word, is die resultaat dadelik chaos en onvrede. Die boek van Debi Pearl, “Created to Be His Help Meet: Discover How God Can Make Your Marriage Glorious”, is ‘n tipiese voorbeeld en getuienis van hoe die werklike lewe wonderbaarlik verander in ‘n heerlike lewenservaring sodra Elohim (God) se Skeppingsbeginsel in die harde koue werklikheid toegepas word.

Maar een ding moet jy begryp, en dit is dat in die proses van transformasie waartydens Elohim se oorspronklike doelwitte weer in werking gestel word, verdrukking gaan plaasvind. Dit is nie maklik nie. So was dit met die verhaal van Noag se vloed. Daar was wanorde en algehele chaos op aarde in die dae van Noag. Elohim moes die Groot Verdrukking van die Vloed bring sodat Hy weereens vrede op die aarde kon herbevestig deur middel van een gesin.

Daar is enkele uitsonderings tot die basiese beginsels wat hier verwoord word, maar dit is buite die bestek van hierdie hoofstuk.

Die sleutel Skrifte wat die hoë standaard en die gewigtige beginsels van die manlike gesag, vestig, begin in **Numeri 30:6**

- " Maar as sy trou terwyl haar geloftes op haar rus of iets wat onverskillig uitgespreek is, waardeur sy haarself verbind het, **7** en haar man daarvan hoor, op watter dag ook al, en teenoor haar swyg, dan sal haar geloftes van krag wees, en elke onthouding waartoe sy haarself verbind het, sal van krag wees. **8** **Maar as haar man op die dag dat hy daarvan hoor, haar terughou, dan maak hy haar gelofte tot niet wat op haar rus**, en ook wat onverskillig uitgespreek is, waardeur sy haarself verbind het; en YAHUAH sal haar dit vergewe."

Die man het die gesag, die Skriftuurlike bevoegdheid om enige onderneming wat sy vrou maak, te verbreek of tot niet te maak. 'n Onderneming is 'n gelofte, of 'n eed. Dit wat jy uit jou mond spreek, dit is wat jy gaan doen, al was dit onverskillig of ligtelik geuiter. Dit sluit alle ondernemings in, aankoopbesluite, sosiale verpligtinge, gesin sake, werk besluite, ens. Elkeen van hierdie afsonderlike besluitnemende ondernemings deur die vrou val onder die gesag van die man.

'n Vrou kan byvoorbeeld nie sonder meer verklaar: "ek gaan vir so en so werk nie", sonder dat sy haar man se toestemming daartoe het nie. Haar verbale verklaring is niks anders as 'n gelofte of 'n eed nie. Sy kan byvoorbeeld ook nie verklaar: "ek gaan vanaand 'n drama-opvoering kyk nie". Haar verbale uitspreek van die woorde was 'n onderneming, 'n gelofte, 'n eed. Haar man moet toestemming verleen. Sy kan ook nie verklaar: "ek gaan hierdie huis koop nie". Sy is 'n party tot 'n ooreenkoms. Sy benodig haar man se toestemming. Uiteraard sal 'n wyse man die opsie uitoefen om met sy vrou te beraadslaag in al die verskillende sake, en 'n wyse man sal dit dan ook doen. Dit is die orde wat die Almagtige (El Shaddai) in die Skepping vir ons bepaal het.

Dit is verder ook geskrywe in **Numeri 30:10-15**:

- “En as sy in die huis van haar man ‘n gelofte doen of haarself met ‘n eed verbind om haar te onthou, **11** en haar man daarvan hoor en teenoor haar swyg, haar nie terughou nie, dan sal al haar geloftes van krag wees, en elke onthouding waartoe sy haarself verbind het, sal van krag wees. **12** Maar as haar man die dinge uitdruklik tot niet maak op die dag dat hy daarvan hoor, sal niks van alles wat uit haar lippe uitgegaan het, van haar geloftes of van die verbintenis tot onthouding, van krag wees nie; **haar man het dit tot niet gemaak**, en YAHUAH sal haar dit vergewe. **13** Elke gelofte en elke eed van onthouding om die siel te verootmoedig—haar man kan dit van krag maak, en haar man kan dit tot niet maak. **14** Maar as haar man van dag tot dag geheel en al teenoor haar swyg, dan maak hy al haar geloftes of elke onthouding waartoe sy verbind is, van krag; hy het dit van krag gemaak, want hy het teenoor haar geswyg op die dag dat hy daarvan gehoor het. **15** Maar as hy dit uitdruklik tot niet maak nadat hy al daarvan gehoor het, dan dra hy haar ongeregtigheid”.

Hierdie bovermelde teksverse is binne die konteks waartydens ‘n Gelofte of ‘n Eed teenoor YAHUAH Elohim (Die Almagtige Skepper) gemaak word, of waartydens ‘n persoon homself in ‘n ooreenkoms verbind (vasmaak).

Aan die begin van **Numeri 30:2** is dit geskrywe:

- “As iemand aan YAHUAH ‘n gelofte doen of ‘n eed sweer waardeur hy homself verbind om hom van iets te onthou, moet hy sy woord nie breek nie; **hy moet handel volgens alles wat uit sy mond uitgaan**”.

‘n Getroude vrou of iemand wie verloof is, moet geheel en al onderdanig wees aan haar man se gesag. Die erns en die gewig van hierdie bevel word illustreer in hierdie teksgedeeltes. **Selfs waar ‘n vrou teenoor die Skepper Elohim ‘n gelofte of ‘n eed sweer, kan haar man hierdie belofte of onderneming tot niet maak.** Gaan lees verder in Numeri – kyk wat sê vers 5!!

Hierdie voorskrifte kry nog groter betekenis wanneer die verband waarbinne dit geskryf is, bekyk word.

- **1 Kor. 11:3** “Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Yahshua die Messias die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en Elohim die hoof van die Messias.”

- **1 Pet 3:5** "Want so het vroeër ook die afgesonderde vroue wat op Elohim gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig, **6** soos Sarai gehoorsaam was aan Abraham en hom '**heer**' genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie."

Wanneer 'n dogtertjie gebore word, val sy onder die gesag van haar pa. Sodra sy in die huwelik tree, verskuif daardie gesag vanaf haar pa na haar man. Want dit staan geskrywe:

- **Num 30:3** "Maar as 'n vrou aan YAHUAH 'n gelofte doen of haarself verbind om haar te onthou, terwyl sy in haar vader se huis is in haar jeug, **4** en haar vader van haar gelofte hoor of van die onthouding waartoe sy haarself verbind het, en haar vader swyg teenoor haar, dan sal al haar geloftes van krag wees, en elke onthouding waartoe sy haarself verbind het, sal van krag wees. **5** Maar as haar vader haar terughou op die dag dat hy daarvan hoor, sal al haar geloftes en elke onthouding waartoe sy haarself verbind het, nie van krag wees nie; en YAHUAH sal haar dit vergewe, omdat haar vader haar teruggehou het."

In hierdie teksgedeelte, kan slegs die vader 'n eed onderneming of 'n gelofte wat 'n ongetroude vrou maak, tot niet maak. Selfs al was daardie belofte teenoor YAHUAH Elohim self. Dit is baie duidelik dat op die direkte vlak van verstaan die gesag oor 'n vrou oorgedra word vanaf die pa na die man toe ten tyde van die huwelik.

Die enigste twee aardse indiwidue wat bevoegdheid besit om 'n vrou se eed tot niet te maak, is haar vader of haar eggenoot. Hierdie teksgedeeltes bevestig hierdie beginsel. Die voorskrifte wat toepaslik is op geskeide vroue of weduwees, verskil ietwat, maar val buite die bestek van hierdie hoofstuk.

Die erns en die gewigtigheid waarmee 'n gelofte, 'n eed, bejeën word, word onderskryf in die verhaal van Jefta die Gileadiet, 'n rigter van Israel in Rigters hoofstuk 11. As gevolg van 'n gelofte, 'n eed wat Jefta teenoor Elohim gemaak het, moes hy sy dogter wat 'n jong meisie was, offer. Dit was 'n tipiese menslike offerande.

- **Rigters 11:29** "Toe het die Gees van YAHUAH op Jefta gekom, en hy het oorgetrek na Gilead en Manasse en verder deur na Mispa in Gilead; en van Mispa in Gilead het hy deurgetrek na die kinders van Ammon. **30** En Jefta het aan YAHUAH 'n gelofte

gedoen en gesê: As U werklik die kinders van Ammon in my hand gee, **31** dan sal wat uitkom, wat uit die deure van my huis uitkom my tegemoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van Ammon, aan YAHUAH behoort, en ek sal dit as ‘n brandoffer bring.”

Verder is dit geskrywe:

- **Rigters 11:34** “En toe Jefta in Mispa by sy huis kom, gaan sy dogter juis uit hom tegemoet met tamboeryne en koordanse; en sy was die enigste kind: hy het geen seun of dogter buiten haar gehad nie. **35** En net toe hy haar sien, skeur hy sy klere en sê: Ag, my dogter, jy druk my heeltemal neer, en jy stort my in die ongeluk! Want ek het my mond geopen teenoor YAHUAH, en ek kan nie terugtrek nie. **36** En sy antwoord hom: My vader, as u u mond geopen het teenoor YAHUAH, maak met my soos uit u mond uitgegaan het nadat YAHUAH u volkome wraak verskaf het op u vyande, op die kinders van Ammon. **37** Verder het sy vir haar vader gesê: Laat dít my toegestaan word: laat my twee maande vry, dat ek kan weggaan en afdaal na die berge en my maagdelike staat beween, ek en my vriendinne. **38** En hy sê: Gaan! En hy het haar vir twee maande laat gaan. Sy het toe weggegaan met haar vriendinne en haar maagdelike staat op die berge beween. **39** En aan die end van twee maande het sy na haar vader teruggekom, en hy het die gelofte wat deur hom gedoen is, aan haar voltrek; en sy het geen man beken nie. En dit het ‘n gewoonte geword in Israel **40** dat die dogters van Israel jaar vir jaar heengaan om die dogter van Jefta, die Gileadiet, te besing, vier dae in die jaar.”

Let net op hoe dat Jefta se dogter die erns van haar pa se gelofte aan YAHUAH besef en respekteer het deur haar sonder meer aan hom te onderwerp. Sy het hom werklikwaar nog ondersteun ook!!

Die verhaal van Jefta bekragtig die gewigtigheid, die erns van ‘n onderneming of ‘n gelofte of eed in die oë van YAHUAH. Dit is so ernstig dat YAHUAH Elohim selfs ‘n menslike offerande kondoneer/toelaat, net sodat die gelofte of eed gestand gehou word en nie verbreek word nie. Elohim soek nie enige menslike offerandes nie. Hy begeer hulle nie. Dit word goed verstaan uit die verhaal van Isak en Abraham. YAHUAH Elohiem het versoek dat Isak as ‘n menslike offerande geoffer sou word, maar toe Hy sien dat Abraham gehoorsaam sou wees, het Hy ‘n substituut ram voorsien.
Die gewigtigheid en erns van die gelofte of eed word ook demonstreer

in die verhaal van Rachel en Jakob in **Gen. 31**. Rachel het haar vader, Laban, se huisgode gesteel toe sy huis verlaat het saam met Jacob. Dit staan geskrywe dat Jakob gespreek het:

- **Gen 31:31** "Toe antwoord Jakob en sê vir Laban: Omdat ek bevrees was, want ek het gedink u sal miskien u dogters met geweld van my wegneem. **32** **Die een by wie u u gode vind—hy mag nie lewe nie!** Ondersoek wat by my is, in teenwoordigheid van ons broers, en neem dit vir u. Maar Jakob het nie geweet dat Ragel dit gesteel het nie."

As gevolg van hierdie eed swering het Ragel gesterf met die geboorte van haar jongste seuntjie Benjamin – in vervulling van Jakob se woorde wat 'n eed swering verteenwoordig het.

Juis as gevolg van die beginsels wat hier ter sprake is, het 'n Vader die bevoegdheid of gesag oor sy dogter om te bepaal met wie sy mag trou of nie. Dit is nie die dogter se keuse of haar reg nie. Uiteraard kan 'n vader die opsie uitoefen om met sy dogter te konsulteer oor haar keuse – 'n wyse vader sal sekerlik hierdie opsie uitoefen.

Jy sal vind dat hierdie beginsel toegepas is in die verhaal van Isak en Rebecca. Na Sarai se dood in Gen.23, het Abraham opdrag vir Eliëser gegee om 'n vrou vir Isak te gaan soek in Gen.24. Nadat Eliëser sy getuienis aan Laban gelewer het, het Laban as volg reageer:

- **Gen 24:51** "Daar staan Rebekka voor jou, neem haar en gaan heen, dat sy 'n vrou kan wees vir die seun van jou heer, soos YAHUAH gespreek het".

Laban het sy dogter Rebecca as vrou vir Isak gegee nog voordat hy met haar konsulteer het. Laban het verkies om nie met Rebecca te beraadslaag nie, omdat hy geluister het na die getuienis van Eliëser en hy geweet het dat hierdie saak van YAHUAH Elohim was.

Nou dat ons die erns en die gewigtigheid van hierdie beginsels verstaan, kan ons ook vanuit 'n Skriftuurlike oogpunt begryp waarom Elohim die nasies sal vernietig indien hulle inmeng met Sy Verbond/Onderneming/Gelofte teenoor Abraham. Hy sal nie toelaat dat Sy Verbond tot niet sal gaan nie. Dit staan geskrywe:

- **Gen 15:18** "Op dié dag het YAHUAH met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier: 19

die Keniete en Kenissiete en Kadmoniete 20 en Hetiete en Feresiete en Refaïete 21 en Amoriete en Kanaäniete en Girgasiete en Jebusiete."

Sluit gerus by my aan op FACE BOOK waar ek graag verdere Skrifte met jou sal deel en ook die praktiese toepassing van hierdie beginsels sal bespreek. Dit is wesenlik belangrik dat jy alle beginsels volledig sal oorweeg en opweeg. Dit is geregtigheid.

Daar is ander onderwerpe van belang wat bespreek word by http://SolomonsPorch.TV in die spyskaart opsie van "MY LIVING ROOM – Die Televisie Area."